15 SEPTEMBER 2025

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

**VARSPRODUKTE-UITVOERDERS FORUM: NUWE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE**
Kaapstad, 15 September 2025 – Die Varsprodukte-Uitvoerders Forum (FPEF) het Piet de Jager as Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) aangestel. Hy neem op 15 September by Anton Kruger oor.

Na amper 14 jaar in dié pos, tree Kruger op 68 af.

“Ek is uiters dankbaar vir die Forum-raadslede se volgehoue ondersteuning gedurende my ampstermyn. Ek was bevoorreg om verskeie uitdagings, asook suksesse, saam met my span te kon ervaar en om beide plaaslik en internasionaal vele verhoudings te kon bou,” sê Kruger.

De Jager het HUB-rolle by Agrimall Africa (Edms) Bpk en AgriSA Enterprises beklee. Hy het ook as besturende direkteur by Ecofarma Southern Africa en as direkteur by Into Africa Solution Services (Edms) Bpk H/A Afrilogic gedien. Sy loopbaan het egter as geoktrooieerde rekenmeester by PricewaterhouseCoopers Inc afgeskop. Daarna het hy by sy familie se boerdery in Hluhluwe, KwaZulu-Natal aangesluit. Hy’t onder andere Queen-pynappels vir die plaaslike en uitvoer mark geproduseer, ’n Brangus-stoetery behartig en ’n toerisme- en wildbedryf-onderneming bestuur. Dis ook daar waar De Jager aktief by georganiseerde landbou betrokke geraak het. Daarna het hy as projekbestuurder van Afrika Landboubesigheid by Deloitte Consulting waardevolle ondervinding in die landbou opgedoen.

Mark Jensen, FPEF voorsitter, sê dat Piet se vaardighede in strategiese verhoudingsbou en die ontwikkeling en implementering van geteikende strategieë, beduidende waarde tot die Forum sal toevoeg. Na meer as 20 jaar in die landbou het De Jager ’n diep insig opgebou van hoe handel, markontwikkeling, transformasie en innovasie saamsmelt.

“Ek sien uit om, veral in dié kritieke tydperk, as ’n fasiliteerder van wêreldwye mededingendheid by die FPEF aan te sluit en om voort te bou op die nalatenskap van integriteit en impak. Ek’s bevoorreg om deel te wees van die begin van die FPEF se volgende hoofstuk – in diens van ons lede, ons bedryf en ons land,” sê De Jager.

Om 'n gladde oorgang te verseker, gaan Kruger tot die einde van 2025 nóú met De Jager saamwerk.

Die FPEF-raad bedank Kruger vir sy leierskap en toegewydheid en sien daarna uit om saam met De Jager te werk en sy vaardighede te benut.

**EINDE**

**Media-navrae:**
Carla Theron
Joubert & Associates

carla@hrsa.co.za
+27 21 863 0966